

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

Augustus 2009 **Nommer 80**

INHOUDS OPGAWE

BAIE DANKIE ds Chris Saayman	...1
Waar kan mens God vind? Tussen die puinhope	...2
Geloofd sy God	...3
“Toe hoor God die stem van die seun ...”	...4
Die wet van Christus	...6
Gesin en skool	...8
Israel teken vir 'n lewe met God	...11

BAIE DANKIE ds Saayman!

Vov Viva het sy ontstaan en vir baie lank grootliks sy bestaan byna geheel en al aan ds. Chris Saayman te danke gehad. Die gedagte vir die begin van so 'n tydskrif het in sy hart ontstaan en hy het dit met liefde en oortuiging en baie selfopoffering gedoen.

Ds. Saayman het intussen besluit om terug te tree uit die redaksie van die blad. Dit beteken nie dat hy nie nog by geleentheid artikels vir plasing kon lewer as medewerker nie. Die afgelope jaar het die praktyk in die gereedmaak van Vox Viva vir verspreiding, so gegroei dat dit grootliks gedoen is deur ds. Jopie van der Linden. Die uwe en ds. Saayman het steeds meer gefunksioneer as stille redaksielede en die groot verantwoordelikheid het steeds meer op die skouers van ds. Van der Linden begin rus.

Intussen is besluit om ds. van der Linden volwaardig as eindredakteur te betrek en die uwe sal as mederedakteur bly funksioneer. Dit is by hierdie geleentheid gepas om groot dank teenoor die Here en ds. Saayman uit te spreek vir die onbaatsugtige werk wat ds. Saayman vir soveel jare met groot liefde kon doen. Sy gemeenteverantwoordelikhede het steeds meer geword. Met die ekstra verantwoordelikhede vir die versorging van Vox Viva wat nou wegval, is daar dus ook meer ruimte om hom hieraan te wy. Ons wens hom alle seën van die Here toe in hierdie belangrike taak waartoe die Here Hom geroep het!

Namens die redaksie
Eugene Viljoen

Waar kan mens God vind? Tussen die puinhope

B Luiten

Opgewonde staan die nuwe ouers by die doopvont. Bly met hulle baba, dankbaar vir God.

Hulle belowe van harte om goeie ouers te wees. Hulle sal hul kindjie vertel wie Vader is, hulle sal sy sorg en liefde oordra. Daardie gelowige entoesiasme is goed om te sien. Die bereidheid om dit te belowe word baie ernstig opgeneem. Tog is hierdie belofte

van die ouers nie waarmee alles begin nie. Dit kom eers by die derde doopvraag (van die Formulier) aan die orde. Dit handel eers oor wat God belowe. En hoekom.

Allerhande ellende

Tydens die voorlees van die vrae kry mens nie genoeg tyd om dit in jou op te neem nie. Daarom sal dit goed wees om dit vooraf saam met die ouers deur te gaan. Dit sou nog beter wees as ons ons saam as gemeente daarop sou voorberei. Net soos met die viering van die Nagmaal. Want daar kom heelwat aan die orde. Byvoorbeeld: 'glo u dat hierdie kindjie onderworpe is aan allerhande ellende?' Weet jy wat is hierdie 'allerhande ellende'? Besef jy eintlik wel waarop jy 'ja' sê?

Allerhande ellende is (kortliks saamgevat) alle ellende wat mens maar aan kan dink. Hierdie kind kan siek raak. Hy kan jonk te sterwe kom. Sy kan in 'n ongeluk betrokke wees, gebreklik raak, gestremd deur die lewe gaan. Hy kan in 'n oorlog beland. Hy kan 'n slagoffer word, beroof, mishandel of misbruik word. Dis ook moontlik dat hy op latere leeftyd eensaam word, depressief of oorspanne. Of sy kan bedrieg en verlaat word. Te veel om te noem. Daarom noem ons dit ook nie alles nie, maar mens moet dit wel begin besef.

En dan die ergste wat kan gebeur. Hierdie dinge sal nie net met 'n kind kan gebeur nie, maar hy/sy sal ook self in staat wees om kwaad aan ander aan te bring. Die ellende kom nie net van buite nie, dit sit in sy eie hart. Hy is in sonde ontvang en gebore, as sodanig los van God, tot alles toe in staat.

Uitgangspunt

Ja, dis skokkend wanneer mens dit lees. Dalk skrik jy van al die moontlikhede wat kan gebeur, of skrik jy omdat die ellendes vir jou bekend is. Dit is geensins iets moois nie. Hoekom dan tog die opsomming van allerhande ellende? Omdat dit my ondervinding is dat gelowige mense in die praktyk tog 'n ander uitgangspunt het. Nie die uitgangspunt van 'alles is moontlik, want dis hoe ek is' nie, maar meer in die trant van 'as ek siek raak, sal God Homself moet verantwoord'. Dit is baie kortliks gestel. Miskien te kort, want baie dinge kom by so iets ter sprake. 'n Mens mag sekerlik jou vrae hê,

jy mag hulle ook stel, jy kan ook daarmee worstel en dit mag moontlik 'n hele proses wees. Aanvaarding van leed is ongelooflik moeilik, baie keer kom mens nie verder as net die begin nie. Dit alles vra baie meer tyd en aandag as wat hier onder woorde gebring kan word. Ek noem dit net, terwyl ek self nog steeds onder die indruk is, wat dit vir mense kan beteken. Maar nou wil ek hierdie een vraag stel, in die middel van hierdie komplekse lewe: weet jy, waarop by jou doop 'Ja' gesê is? Miskien was dit jou ouers wat dit gesê het en het jy dit hulle later nagesê toe jy jou geloofsbelydenis afgelê het. Dalk het jy dit self uitgespreek toe jy as volwassene gedoop is. Dit is ook moontlik dat jy intussen as vader of moeder daardie antwoord gegee het vir jou eie kind.

Ek moet leer glo, dat ek nie 'n enkele verweer het teen geen enkele kwaad nie; dat ek verlore is as God my nie red nie

Hoe dit ook al sy, daardie 'ja' hou in, dat jy voor God bely dat jy jouself kwesbaar opstel vir enige vorm van gebrokenheid. Aan allerhande ellende onderworpe, werklik daaraan oorgelewer is. Dit hou ook in, dat enigiets nou moontlik is wat my lewe stukkend kan maak. Hierdie belydenis is namens my gedoen en dit bely ek ook nou self. En juis daarom is die weg na die doopvont moontlik gemaak. Omdat geen mens homself meer kan red nie, daar is geen enkele manier nie, ook nie daardie klein wesentjie nie.

Sodoende sal ek nie 'n 'mooiweers-geloof' kan navolg nie. Nie op die manier van 'alles sal goed gaan, tensy daar iets onverhoeds verkeerd gaan' nie. Nee, die uitgangspunt het die gebrokenheid van hierdie bestaan geword, die chaos wat voorkom uit my eie sondige hart. Ek moet leer glo, dat ek nie 'n enkele verweer het teen geen enkele kwaad nie; dat ek verlore is as God my nie red nie.

Verbaas? Waaroor?

Hierdie uitgangspunt in ons denk- en geloofswyse is baie belangrik. Daar word immers in omstandighe- de waarin ons ellende sigbaar word, die vraag gestel: 'Waarom doen God dit?' Of: 'waar is God

**Wat druk swaarder as 'n belofte,
'n belofte van God?**

- K Schilder

nou?’ So op die toon van: ‘dit het ons nie verwag nie’. Of sterker nog: ‘ons blameer Hom’. Vir mense om ons is dit modern om so oor God te dink. Hy kan teleurstel, jy moet ook seker maar nie alles van Hom verwag nie. Dit gaan baie keer saam met die ontkenning van ons sondeval en die gevolge daarvan. Daarteenoor is dit juis van belang, vir God se eer en jou eie verdere lewensweg, dat jy die volgorde in jou lewe goed sal raaksien. Juis omdat God by ons geboorte al geweet het hoe stukkend ons lewe gaan wees, tot in die wortel, het Hy gesê dat Hy ons by die doopvont wil sien. Dit is waar Hy uitbeeld, dat ons in onself nie lewensvatbaar is nie (ons word begrawe). Maar dat ons tog mag lewe, in en deur Jesus Christus (ons staan op saam met Hom). Ons sal die puinhoop in ons lewe raakloop, ons gebrokenheid sal aan die lig kom, moenie daarvoor verbaas wees nie! Maar tussen die brokstukke sal ons God ontmoet wat met ons is, en Hom nie vir ons sal skaam nie (hoe is dit moontlik!). Ons sal onself verwonder oor Jesus Christus, wat ons hier en nou opgesoek het, wat ons stukkende lewe syne gemaak het.

Juis omdat God by ons geboorte al geweet het hoe stukkend ons lewe gaan wees, tot in die wortel, het Hy gesê dat Hy ons by die doopvont wil sien

Die eerste doopvraag (van die Formulier) blyk die tiperende samevatting van ons lewe te wees: aan allerhande ellende onderwerp en tog in Christus heilig, Sy eiendom, vir ewig en altyd. Dan bly daar nog baie hartseer oor, en daarvoor word alle ruimte en aandag gegee. Maar teleurgesteld wees in God? Nee, nie dit nie. Dit is glad nie dieselfde nie. Wanneer jy opkyk na die kruis, sien jy in Jesus jou eie gebrokenheid raak, wat vrywillig deur Hom gedra is. Wanneer jy afkyk na sy oop graf sien jy in Hom jou eie herstel. Is dit dan moontlik dat jy in Hom teleurgesteld kan wees en bly? Laat jousef liever inspireer deur die hoop, deur sy persoonlike aanwesigheid, hier en nou. Jy sal nie in Jesus teleurgestel word nie, maar in Hom geheilig: veilig gestel, gereinig, geborge en gekoester.

Die Goeie Herder

Dit is ook goed om in hierdie verband iets te sê oor die Goeie Herder, omdat daar van Hom te maklik ‘n oor-romantiese beeld gemaak word. Soos kabbelen-de spruitjies en sagte groen weivelde. Maar dit is nie hoe Jesus dit bedoel het nie. In sy beeldspraak gaan dit oor ‘n groot en aanhoudende gevaar wat ons op allerhande maniere kan bedreig. Dit is as gevolg van sy inset as ons Goeie Herder dat ons nie verlore gaan nie, dat ons nie verslind of geroof word nie. Lees gerus Joh. 10:11–13 en 27-39 en laat dit op jou inwerk hoeveel kwaad en gevaar Jesus al in ons lewe gesien het, en dat Hy juis daarin naby ons wil wees.

Daarom, wie vir God wil vind moet hom nie in eie gesondheid en welvaart soek nie. Want dan sal jy jousef voortdurend afvra waar Hy is. Maar soek Hom tussen die puinhoop van jou bestaan en jy sal Hom raaksien, tot jou eie, steeds terugkerende verbasing.

Geloofd sy God

B Holwerda

Petrus skryf sy eerste brief aan die “vreemdelinge wat in die verstrooiing is”, in die verskillende dele van Klein-Asië. Hiermee word dus bedoel die christene wie se “moederland” die hemel is. Op die oomblik leef en werk hulle nog op die aarde. Hier is hulle vreemdelinge. Soos koloniste moet hulle hier die belange van die Koninkryk van die hemel dien.

Hierdie gelowiges het in baie moeilike omstandighede geleef. Hulle het gely onder swaar vervolgings. Sommige het as slaaf ‘n amper ondraaglike lot gehad. Gelowige vroue is erg deur hulle heidense mans mishandel. Die geloof het vir hierdie christene ‘n baie duidelike verswaring in hul lyding beteken. En blykbaar was dit vir hulle ‘n groot teleurstelling gewees. Hulle het, toe hulle tot geloof gekom het, hulself die toekoms baie anders voorgestel.

Petrus skryf nou aan hierdie mense om hulle te tróós. En hy begin: Geloofd sy God! (OAV = Geseënd is God, 1Petr 1:3). ‘n Eienaardige begin. Wie begin nou só as hy met mense praat wat deur swaar verdrukings teleurgestel is? Die mense kla: Dit gaan so swaar met ons! En Petrus begin sy trooswoord met: Julle het soveel om voor te dánk!

**Die Bybelse leer roep
– juis deur sy diepe inhoud –
allerhande vrae by ons op**

- HJCCJ Wilschut

Kyk hoe góed is God! Ek en julle het soveel om Hom voor te loof!

Is dit nie bietjie onrealisties nie? Is Petrus hier nie baie ontaktyvol nie? Stap hy nie maar net te maklik oor die moeities van sy lesers nie? Sal hulle nie maar net reageer met: Ja, dis maklik vir u om te sê, nie? Vir ons sou dit beter wees as Petrus geprobeer het om hulle te wys op die ligpuntjies, en dat hulle tog nie hul seëninge wat daar nog is, moet miskyk nie. Maar dis vir ons 'n probleem dat hy hulle moeities sommer net so ignoreer deur sy lofverheffing.

Ek dink dat ons baie keer so voel en tework gaan omdat ons troos dikwels nog so puur wêrelds is. Ons gaan staan langs die behoeftiges en seergemaaktes en toon dan medelye. En ons troos dan deur daarop te probeer wys dat die lig, ondanks alle skaduwee, nog nie heeltemal verdwyn het nie. Maar so bly ons maar net gefokus op die mense en hul omstandighede.

Petrus troos heeltemal anders. Hy begin om oor Gód te praat! Die vraag of daar nog plek is vir 'n lofsang, hang nie af van die omstandighede nie, maar van Gód! Petrus weet dat hy juis daarom kan troos, nie deur te wys op die ligpunte in hul omstandighede nie, maar alleen deur die woorde van geloof te spreek – daardie geloof wat nie gerig is op die dinge wat ons sien nie. Hy rig hulle blik bo die mense en bo hulle omstandighede uit, en verhef hulle harte tot God. Hy probeer nie om hulle vir 'n tyd van hulle verdriet te laat vergeet nie, maar om hulle hul verdriet te laat sien en aanvaar in die gelóóf.

Hy wys dus nie op ligpunte teenoor die skaduwee nie. Maar op die Lig in en van hul duisternis. Daarom is die eerste woorde van Petrus vir God, “*die God en Vader van onse Here Jesus Christus*” (1 Pet. 1:3).

Petrus gebruik opsetlik die volledige benaming: God is die God en Vader van Hom wat sy amp uitgeoefen het: *Christus*. En wat deur sy ampsdiens verlossing van sonde gebring het: *Jesus*. En wat as loon die heerskappy oor alles en almal ontvang het: *Here*. En dit is Hy wat vir die Petrus en die lesers allermins 'n vreemde is: *ónse Here Jesus Christus*.

My troos in donkerheid is, dat Hy, *híerdie* God, ook agter al my moeities staan: Geloofd sy God!

“*Toe hoor God die stem van die seun ...*”

(Genesis 21 : 17)

E Viljoen

Jeug in die kerk

Hoe belangrik is die jeug in die kerk? Hoe sien volwassenes die jeug in die kerk en erediens? En dan is die vraag nie wat die “potensiaal” is wat u in die jeug sien nie. Hoe kyk u *vandag* na hulle *vir wie hulle NOU* is? Sien u die jeug as kinders van die gelowiges wat plek gekry het in die “voorportaal” van die kerk? Byna lidmate, maar tog nie...? Sien ons hulle veral of selfs uitsluitlik *deur die lens van die leer oor die erfsonde* en dan as kwaaddoeners wat in die kerk verdra moet word? Die leer oor die erfsonde is egter nie bedoel om 'n negatiewe kyk op kinders en jongmense te regverdig nie. Dit wil wel die grootheid en noodsaaklikheid van die genade van ons Here vir ons almal altyd weer onderstreep.

Ongelukkig het vir 'n groot deel in die Westerse wêreld die volwassene die verteenwoordiging en verpersoonliking van die “ideale mens” geword. Kinders moet hulle dus altyd aanpas aan by wat vir die volwassenes van belang is en nie werklik andersom nie. Veral in die kerk en erediens! Sonder kind-wees is 'n mens egter onvolmaak. Ook in die kerk.

Kinders is as kinders uiters noodsaaklik vir die kerklike lewe. Nie as potensieële volwassenes en as die volwassenes van môre nie, maar as die kinders en jeug van vandag. Die idealisering van die volwassene is 'n ontkenning van die feit dat die mens verskillende ontwikkelingsfases het waarvan elkeen sy eie skoonheid en bekoring het. Soos wat baie jeug verlang daarna om eendag “groot” te wees, is daar baie volwassenes wat verlang na hul jeugjare. Daardie tyd van hul lewens toe die lewe nog eenvoudig was. Sonder kompleksiteite, pynlike vrae en die letsels van die seer van die lewe. Hoe kan ouers en grootouers nie geniet van hulle kinders en hulle ervaring van die lewe nie! En dit is mooi!

Laat die kindertjies na My toe kom

Die belangrikste vraag is: “Hoe kyk die Here God na die kinders en jeug in die kerk? Die Here Jesus is hieroor meer as duidelik : “*Laat die kindertjies na*

**Soos 'n skoenmaker skoene maak, en 'n kleremaker klere,
so moet 'n Christen bid.**

Dit is sy ambag.

- M Luther

my toe kom en verhinder hulle nie” (Mk. 10). Maar is dit dan ‘n nuwe houding by God teenoor kinders? Ons Here verwoord wat van die begin van die Bybel oor *kinders en hul plek by God* geleer word. Kinders is ‘n seën van die Here. Kinders hou belofte in en skep geweldige verwagting. Dit is deur die saad van die vrou, dat die kop van die slang vermorsel sal word. Dit is daarom ‘n geweldige wins van ons Kategismus, wanneer daar onomwonde ‘n volwaardige plek aan die kinders van die gelowiges in die kerk erken word: “*Ook aan hulle word NIE MINDER as aan die volwassenes deur die bloed van Christus, die verlossing van die sondes en die Heilige Gees, wat die geloof werk, beloop nie.*” (Antw 74 van die Heidelbergse Kategismus)

En dit is tegelyk ook die rede waarom kinders van gelowige ouers gedoop behoort te wees. *Net soos* die volwassenes is hulle in die verbondsverhouding met God ingesluit en daarom in sy gemeente. Daarom is dit so belangrik dat die kinders deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf word. Dit is baie belangrik dat die kinders van die gelowiges op hierdie manier onderskei word van die kinders van ongelowiges. Kinders van gelowiges moet weet dat hulle saam met die volwassenes by die Here en in sy gemeente hoort. Die teken hiervan in die Ou testament was die besnydenis. Christus het self ‘n nuwe teken ingestel waardeur ons mag sien en weet dat ons by Hom hoort, en dit is die doop.

Saad van die vrou

Laat ons sien hoe in die Skrif van die begin die kinders van die gelowiges net soos die volwassenes in die Here se genade gedeel het. Noag en sy gesin mag in die ark gaan om behou te word. By Abraham word dit nog duideliker gestel dat kinders vir die Here belangrik is. Die Here se verbond wat Hy met die volwasse Abraham sluit, geld niks minder ook vir sy kinders. Só ernstig word dit deur die Here geneem, dat dit uitdruklik beveel word dat elke manlike kind wat nie besny is nie, uit die volk uitgeroei moes word. Die verbond word nie net met Abraham gemaak nie, maar duidelik ook met sy nageslag, d.i. met sy kinders.

Die Here gaan selfs só vêr om met die seun van die

slavin, Hagar, nie sonder barmhartigheid om te gaan nie. Aan Ismael word ryke beloftes gemaak van die seën van die Here. Omdat Ismael Abraham se kind is, word ook Ismael onderskei van die kinders van die ongelowiges. En kyk net met watter deernis gaan die Here met Ismael om. Wanneer Hagar hom onder ‘n bos neersit en sy eenkant gaan sit en huil totdat hy dood is, hoor die Here die gehuil. Maar die verrassende in Genesis 21 is nie dat die Here Hagar se gehuil hoor nie. Hagar het op ‘n afstand gaan sit en haar stem verhef en geweën (21:16). Stel u die hartverskeurende geroep van hierdie moeder voor!

Toe hoor God...die seun!

Maar wat is dit wat die Here God hoor? Vers 17: “*Toe hoor God die stem van die seun...*”. Juis wanneer die Here God die stem van die seun hoor, kom daar ‘n troosboodskap vir Hagar. Sy hoef nie bang te wees nie, want God het die stem van die seun gehoor waar hy magteloos lê en skreeu. Nadat die Here haar oë oopgemaak het vir die put waaruit hulle versorg kon wees, kom die bemoedigende woorde nog ‘n keer: “*En God was met die seun...*” (21:20a). Dit is hoe die aard is van God se genade. Hy deel sy genade uit waar ‘n magtelose klein seun lê en skreeu. Nie net waar volwassenes hulle tot die Here keer nie!

... kan ons as gemeente laat sien dat ons erns wil maak met die kinders en hulle ‘n plek gee van sorg, liefde en beskerming in die naam van Jesus Christus

Verstaan u waarom die doopsformulier met soveel klem leer dat ons ons kinders moet leer en help om hulle doop *te leer verstaan*? Dit help nie ons vertel ons kinders dat hulle gedoop is nie. Dit is nie ons taak nie. Ons moet hulle *God se genade* daarin leer verstaan. En glo. En aanneem.

Glo u werklik dat die kinders van die gemeente *net soos* die volwassenes deel het aan die genade van God? Dan sal ons as gemeente veel ernstiger moet besin oor die manier waarop ons aan die kinders in die gemeente plek in die erediens gee. Kinders moet ernstig geneem word. Nie net by die

**’n Hartlike voorneme om volgens God se wet te leef,
is inhoud van God se belofte aan ons**

- P Niemeijer

katkisasie nie, maar juis daar waar die verlossing in Christus in die erediens gevier word. In die Psalms hoor ons van seuns- en dogterkore wat die volk toegesing of in beurtsang met die volk gesing het.

In die erediens kom ons nie net vir die luister na 'n preek nie. Die preek is slegs 'n onderdeel van die groter erediens. Ons vier saam as gemeente die ontmoeting met die Here en sy genade-liefde vir ons. By hierdie viering hoort veel meer as net goed beargumenteerde preke. Ons sal kreatief moet nadink oor die manier waarop kinders bewustelik saam kan vier. Indien ons kies om nie aparte dienste vir kinders te hou nie, beteken dit wel dat ons konkrete invulling moet gee aan hulle viering wat net soos die volwassenes deel aan die verlossing.

Ook die kinders se gawes sal in die gemeente en erediens mag en moet funksioneer. Dink as voorbeelde aan beurtsang, vrae stel rondom die preek, sake vir voorbeding mag genoem word. Verhale en simbole speel 'n groot rol in die leer en vierproses by kinders. Die predikant sal veel meer moet rekening hou met die hele gemeente in die preek en erediensvoorbereiding.

Die Here wil die gemeente en haar erediens ook vir die kinders as 'n veilige hawe gee. Die kinders moet daar volledig deel van wees en voel en dit ook beleef. In 'n wêreld waar daar baie misbruik is van kinders deur volwassenes, kan ons as gemeente laat sien dat ons, net soos die Here, erns wil maak met die kinders en hulle 'n plek gee van sorg, liefde en beskerming in die naam van Jesus Christus.

Die wet van Christus

H Drost

1. Sy liefde

'...die wet van Christus...'

Galasiërs 6: 2

Hoeveel mense is daar nie wat die wet van God ernstig wil opneem en daardeur omkom nie? Deur God se wet te wil doen kan jy Christus miskyk! Daarom gaan dit in hierdie brief van Paulus aan die Galasiërs oor niks anders as die behoud van die

gemeente nie. Want in die gemeente het mense onder die indruk gekom van manne wat vir die wet opgekom het, sonder om oor Christus te praat. As hierdie manne hulle sin gekry het, sou die gemeente buite die genade staan (5: 4).

Maar hy wil nie oor die wet praat sonder om oor Christus ook te praat nie. Dit is die wet van Christus.

Paulus gaan nie oor tot 'n anti-houding nie. Hy neem die wet ook ernstig op. Maar hy wil nie oor die wet praat sonder om oor Christus ook te praat nie. Dit gaan vir hom oor die wet en oor Christus. Dit is die wet van Christus.

Dit is heel eerste die wet soos Christus dit geleer het. Die bergrede laat ons sien wat dit inhou. Christus het die goud van sy Vader se wet weer laat skitter. Hy het in sy onderwysing beide die lieflikheid en totaliteit van die wet getoon. Die heerlike wet is 'n stukkie paradys in ons verdorwe wereld... het Hy gesê.

Maar is dit al? Het Hy die wet uitgelê en dit net daar gelos? Dan sou dieselfde van Hom waar wees waarvoor Hy die Fariseërs, die wetgeleerdes van daardie tyd, verwyt het: "Want hulle bind pakke saam wat swaar en moeilik is om te dra, en sit dit op die skouers van die mense, maar self wil hulle dit nie met hulle vinger verroer nie" (Matt. 23: 4). Juis op hierdie punt blyk die verskil tussen Hom en hulle. Hy het die wet uitgelê, maar het nie self daarvan weggeloop nie. Hy het sy lesse self in praktyk gebring. Hy het liefgehad – tot die einde toe (Joh. 13: 1). Hoewel Hy geweet het van Judas se streke en Petrus se foute, het Hy hulle steeds liefgehad.

Hy het afgebuk om hulle voete te was (Joh. 13: 5). Hy wou die mindere wees, terwyl Hy die meerdere was. Daardeur het Hy laat sien waarvoor Hy gekom het. Hy het bukkende tot die kruis gekom. Die dieptepunt van lyding vir Hom was tegelykertyd die hoogtepunt van liefde vir mense. Die wet is deur Hom gedoen. Psalm 119 kan in die kerk van Christus van a tot z gesing word. Christus is die vreugde van die wet.

Wanneer Jahwe alles beloof, mag God se volk ook alles van Hom vra. Enige iets minder as dit sal Hom aanrand in sy vaderlike vreugde.

- HJ Schilder

2. Sy gemeente

'... en vervul so die wet van Christus.'

Galasiërs 6:2

Heelwat mense wat deesdae in die kerk oor die liefde praat, moet nadruklik weer aan God herinner word omdat hulle (byna) slegs hulle naaste in ag neem. Maar dit geld ook andersom: Mense wat praat oor die liefde vir God, moet ook soms nadruklik aan hul naaste herinner word.

Paulus skryf in die brief aan die Galasiërs teen dwaalleraars wat die gemeente die wet op Joodse manier wou laat vervul. Dit was verkeerd omdat hulle daarby nie oor Christus gepraat het nie.

Maar dit was ook gevaarlik omdat hulle Christus se gemeente in gevaar gebring het. Want die naleef van die wet sonder Christus, beteken dat jy self aan die werk moet gaan. En dan is jy net vir jouself besig. Jy loop maklik teen 'n ander vas. Dit veroorsaak botsings. Mense byt en eet mekaar, ja verslind mekaar, met die wet in die hand (5:12-26). Sonder Christus is die mens vir die mens 'n wolf. Hierdie visie op die wet sonder Christus maak die gemeenskap stukkend.

Dat die wet Christus se wet is en bly, ontmoedig 'n mens om op die weg van die werke te gaan. En tegelyk bemoedig dit 'n mens om die weg van die geloof in te slaan.

Die gemeente is en bly gesond waar daar 'n goeie sig is op die wet as die wet van Christus. Dit is die wet van die liefde vir die naaste. Want 'die hele wet word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself' (5:14). As dit so duidelik daar staan, kan jy jou afvra waar die liefde vir God dan bly. Word die eerste gebod (Christus se samevatting van die wet) nie oorgeslaan nie?

Dis nie waaroor dit hier gaan nie. Dit gaan hier oor die mense wat God wel wou dien, maar oor hulle naaste heengekyk het. Wanneer Paulus dan Christus se wet die wet van die liefde tot die naaste noem, word God nie vergeet nie, maar word die naaste beklemtoon. Hierdie insig bewaar Christus se gemeente in die liefde tot mense – binne en buite die kerk.

Op 'n dag het iemand na vele jare weer 'n keer kerk toe gekom. Maar na 'n rukkie staan iemand by die kerkbank waar sy sit: 'Wil u asseblief weggaan – ek sit altyd hier'. Geskok het sy 'n ander plek gesoek. Maar ook daar stap iemand verby wat haar verwykend aankyk: sy het nou op die persoon se plek gesit. Verskrik het sy weer buitentoe gegaan, en terwyl sy haar jas aangetrek en die kerkdeur agter haar toegemaak het, hoor sy nog net die gemeente sing: 'God het ek lief...'. Hierdie dinge kom nie voor waar daar 'n goeie sig op God se wet is nie. Dit is Christus se wet: Wie God liefhet, het sy naaste lief.

3. Sy opdrag

'Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus'

Galasiërs 6: 2

'Mense in die kerk skei deesdae asof dit niks is nie.' Dié versugting hoor 'n mens soms. So 'n opmerking word baie keer gemaak uit liefde vir God se wet. Dit is hartseer om te sien hoe God se gebod nie meer ernstig blyk opgeneem te word nie.

So 'n opmerking kan uit opregte sorg gebore wees. Tog is daar 'n gemis. Daar is 'n gemis aan ootmoed (vers 1). Maar bowendien is daar 'n gemis aan betrokkenheid (vers 2). En dit is nie volgens die wet van Christus nie. 'n Mens kan so 'n opmerking dus maak uit liefde vir die wet, terwyl jy tog nie op die weg van die wet gaan nie. Want die weg van die wet is dat jy iemand se las ook dra. Iemand se las is iets wat hom of haar laat struikel. Dit kan 'n karakterfout of 'n boesemsonde wees. 'Die las dra' beteken dat ons mekaar nie alleen los met ons sonde, ons skuld, ons foute nie. Ons help dra. Dit is Christus se weg. Hy het wel die sonde veroordeel, maar dit tegelyk ook kwytgeskeld. Hy het juis die las op Hom geneem. Die gemeente gaan Christus se weg wanneer hulle nie mekaar se laste net laat lê nie, maar dit optel. Dit word die weg van die kruis. Dis nie altyd eenvoudig om jouself opsy te skuif en die probleme van 'n ander op te tel nie. Maar dit is die weg wat Hy getoon en gegaan het. Dit is ook sy wet.

Hy wil dat ons die wet doen. Dit is 'n opdrag om die wet te vervul. 'En vervul die wet van Christus.' Hierdie uitdrukking is aan die een kant ontmoedi-

Die rykdomme van "Babel" is mooi en indrukwekkend, nie deur die prestasies van mense nie, maar omdat God se skepping ryk en indrukwekkend is.

- A Vlot

gend. Paulus voer hier 'n ontmoedigingsbeleid teen die mense wat God se wet *hul* wet wou maak deur dit self te doen. Paulus skryf: 'vervul die wet... maar... dit bly Christus se wet'. Want ons bereik dit nie. Die wet vra soveel liefde – dit het ek nooit. Juis die liefde onthul ons sonde (sien Sondag 2 HK). Hoe mooi, hoe totaal is dié liefde. Hoe egoïsties, hoe onmagtig is ons lewe.

Dat die wet Christus se wet is en bly, ontmoedig 'n mens om op die weg van die werke te gaan. En tegelyk bemoedig dit 'n mens om die weg van die geloof in te slaan. Want dit is heerlik dat die apostel ons met die opdrag van hierdie teks wys op die wet van Christus. Hy het die wet alreeds vervul. Hy is die bron. Deur die geloof mag ons uit die bron put om sy wet te voldoen. Op die manier groei die liefde in ons. En dan is dit nie meer ons nie. Dit is Christus wat sy wet in ons volbring. Die opdrag word 'n gawe van God.

Gesin en skool

P Niemeijer

In hierdie artikel wil ek aandag gee aan die kontak tussen ouers en onderwysers. Dit sal waarskynlik vir 'n klompie mense reeds baie bekende dinge wees, maar dit is tog goed om dit as vuisreëls te gee.

Vuisreëls

Die eerste vuisreël: die omgang tussen onderwysers mag hom kenmerk deur die rustigheid van die geloof.

Ouers kan soms oor elke kleinigheidjie 'n groot bohaai opskop. Of, nog erger: by elke verkeerde dingetjie wat 'n onderwyser doen, hulle vreeslik ontstel en dan neerhalend oor hom praat voor en met hulle kinders.

Onderwysers kan van hulle kant af swaar dra aan hul verantwoordelikheid en gedurig die idee koester dat hulle te kort skiet.

Ons moet in gedagte hou dat onderwysers gereeld nie voldoen aan ouers se ideale nie. Ook dat hulle nie net so 'wonderlik' kan les gee soos die juffrou of meneer van die vorige jaar nie. Die HERE vra van ons niks meer as dat ons Hom loof en dien met

'alles wat in ons is' nie. Die onderwyser hoef nie die HERE te dien met 'wat in ander is nie', maar wat in homself/haarself is. Met dit wat God aan hulle in vermoëns en beperkings gegee het. Is dit dan nie te min vir ons kinders nie?

Dit is die (benoemde) skoolbesture se verantwoordelikheid om sorgvuldig te wees in hul aanstellingsbeleid. Ook om paraat te reageer op seine wat hulle bereik oor die funksionering van die onderwysers. Onderwysers moet gestimuleer en gemotiveer word om hul gawes te gebruik.

Maar, met respek vir elkeen se verantwoordelikheid, is die Here se sorg ook daar. Hy het gesê: My genade *is* genoeg. Hy het dit aan die apostel Paulus voorgehou juis op die oomblik toe hy gebuk gegaan het onder die vuisslae van 'n satansengel wat in die pad van sy werk gestaan het. Net toe die apostel bewus geword het van sy swakheid en tekortkominge en orals teen sy eie beperkings vasgeloop het, het die Here hom gerusgestel. Dit is nie 'n geval van: My genade moet nou maar net eenvoudig vir jou genoeg wees nie. Nee, my genade *is* genoeg.

Die kinders wat onder die onderwyser en onderwyseresse se sorg is, is *God se* kinders. Hulle is gedoop. Die Drie-enige God het Homself waarborg gestel vir hulle. Onderwysers mag hierop terugval. Dit is alles gelukkig nie afhanklik van hoe intensief hulle hul inspan nie, maar van God wat Hom ontferm. Gereformeerde onderwysers weet vanuit hulleself dat hulle nie volmaak is nie.

Die onderwyser hoef nie die HERE te dien met 'wat in ander is nie', maar wat in homself / haarself is

Hulle het reeds 'n groot genoeg stryd daarmee. Dit kan hulle bring tot 'n rustelose jaag na die volmaakte. Tot 'n gejaag wat hulle breek en laat ophou. Maar dit hoef nie so te wees nie. Die apostel Paulus sê aan hulle *hoe* hulle mag jaag na die volmaaktheid. As mense wat self deur Jesus Christus gegryp is. As mense wat hulle rus in Hom vind met al hulle tekortkominge, en wat Hom wil dien in die onderrig aan die kinders wat Hy deur sy

**Waaroor die kerk nie praat nie,
verraai dikwels meer van haar (teologiese) armoede
as die dinge waaroor sy wel praat.**

- ALA Buys

bloed gekoop het.

Die tweede vuisreël vir die omgang van ouers met onderwysers, is dat onderwysers die ouers se vertrouwe verdien.

Dit is altyd verleidelik vir die ouers om onderwysers te beskou as 'n soort van privaatsosent: "hulle werk met *my* kinders en moet dus aan *my* verwagtingspatrone voldoen". Die leuse dat die skool aan die ouers behoort, word dan so hanteer dat die onderwyser uiteindelik 'n bietjie die ouers se kneg word. Hy moet presies doen wat vir my belangrik en sinvol is vir *my* kind. Vanuit hierdie houding kan onderwysers ook tot verantwoording geroep word: ek wil nie hê dat jy sus of so met my kind moet omgaan nie. En onthou dat u na my moet luister, want uiteindelik behoort die skool aan die ouers!

**In die Christelike geloof is
luister daarom 'n sentrale gedagte.
Leer ons ons kinders
nog om te luister?**

Kom u agter wat gebeur? Met die stelling dat die skool aan die ouers (meervoud) behoort, maak ek asof die onderwyser aan my as ouer (enkelvoud) behoort. Dan kyk ons egter te eng en te beperk na die verhouding tussen onderwyser en ouers. Onderwysers is nie privaatsosente wat ons vir ons kinders uitgesoek het nie, dit is dosente vir 'n hele skool, in diens van 'n hele skoolvereniging, en in wie se opleiding baie gereformeerde besinning en deskundigheid en ook baie kerklike meelewing en gebed geïnvesteer is. As ons ons kinders na die gereformeerde skool stuur, kry ons te doen met 'n *gemeenskap*, onder die verantwoording van 'n bestuur en gedra deur die gemeenskap van die kerk.

Vir ons benadering tot die onderwysers beteken dit dat ons nie allereers na hulle kyk as persone waarvan ons hou of nie hou nie, maar met hulle omgaan as mense in wie ons vertrouwe mag hê. Dus voordat jy 'n kritiese vraag aan hulle stel, het jy eers reeds krities na jouself gekyk.

Die derde vuisreël: Onderwysers moet onthou dat daar 'n verskil bestaan tussen leerlinge en ouers.

Die persoon wat die hele dag met kinders werk, dinge moet verduidelik en op gehoorsaamheid moet aandring, kan maklik en baie keer ook onbewus in sy kontak met ander, hulle wil leer en soos kinders behandel. Wanneer jy as onderwyser dan ook nog die idee kry dat jy deur middel van die kinders 'n goeie insig in die gesin kry, kan jy sommer begin voel dat jy eintlik ook 'n bietjie "leraar" in die kerk is, leraar ook van die ouers. En dit is 'n wanopvatting. Die ouers is in die verbond deur die HERE self verantwoordelik gestel. Hulle moet dus op 'n ander manier benader word as die leerlinge.

Ek bedoel *nie*, dat onderwysers geen taak ten opsigte van ouers het nie. Dit is wonderlik as onderwysers met hulle gawes en kennis in opvoeding en onderwys ouers wil help.

Dit sou in werklikheid selfs 'n slegte saak wees as onderwysers sou sê: ek is gehuur vir 'n aantal les-ure by die skool, en dit sal ek so goed as moontlik invul en verder het ek geen belang by die leerlinge en hulle (ook huislike) situasie nie. Die skool moenie 'n leerfabriek word nie! Die onderwysers moet in hul kontak met die ouers egter wel die ouers se verantwoordelikheid respekteer. Hulle kan hul nie teen die ouers se wil opdring nie. Hul moet die ouers ook motiveer om hul verantwoordelikheid wat hul van God ontvang het, inhoud te gee.

Die vierde vuisreël: die kommunikasie tussen ouers en onderwysers moet so intensief as moontlik wees.

Miskien is ek heeltemal verkeerd. Miskien lê die probleem by my. Maar op grond van my ervaring as kategeet het ek die indruk dat die gevaar van 'n tekort aan kontak op hierdie oomblik groter is as die gevaar van te veel kontak. In die tyd toe gereformeerde skole opgerig is, was die ouers se betrokkenheid by die onderwys groot. Daar was groot entoesiasme en baie geld is daarvoor beskikbaar gestel! Ons is nou in 'n tweede fase. Die skole is reeds daar. Maar het die betrokkenheid ook gebly? Daar word oor die algemeen nie meer sulke groot finansiële offers van ons gevra vir die onderwys nie. Maar hoe gaan dit met ons offervaardigheid as dit gaan oor voorbede en meelewing? Is die bywoning van ledevergaderings vir ons vanselfsprekend? En die kontak met die onderwysers?

**Kennis oor die engele is bedoel
om die geloof *in die God* wat engele stuur,
te verryk en te verdiep**

- L Floor

Ons moet dit natuurlik ook nie oordryf nie. Dit is ook heilsaam as daar afstand is tussen die skool en die huis. Onderwysers se kinders is in die tyd wat ek op skool was, definitief nie deur hulle medeleerlinge beny nie. Hul ouers was te naby! Nie alles wat op skool gebeur hoef by die huis bekend te wees nie. Skool en gesin kan ook te naby aan mekaar wees!

As dit gaan oor die konkrete invulling van die kontak, is die skool wat binne 'n kerklike gemeenskap staan natuurlik die mooiste. Gesin, kerk en skool is dan so naby as moontlik aan mekaar. Daar is ruimte vir goeie samewerking en onderlinge steun op mekaar.

By streekskole is die kommunikasielyne tussen gesin, kerk en skool uiteraard 'n bietjie langer. Op die streekskool wat ons kinders besoek, kry ons as ouers elke Donderdag 'n dubbelbladsy gedrukte A4 waarin die skoolhoof en onderwysers algemene inligting oor die skool en kinders, huiswerk en 'n kort paragraaf van elke ouderdomsgroep gee. Ek dink persoonlik dat dit 'n oulike middel van kontak vir 'n streekskool is.

Besoeke van onderwysers aan ouers is ook belangrik. Veral as dit kinders is wat aan 'n ander plaaslike kerk behoort as hulle “meneer” of “juffrou”. Die besoeke kan die beste vroeg in die jaar plaasvind.

Dit is vanselfsprekend dat ouers van hulle kant af die onderwysers oor alle noodsaaklike informasie moet voorsien ten opsigte van hulle kind. Dit skep slegs ekstra probleme as die onderwyser eers ingelig word wanneer daar reeds iets skeef geloop het.

Gereelde (bv. jaarlikse) oorleg tussen onderwysers en die plaaslike predikant kan die onderlinge skakeling tussen kerk en skool ten goede kom. So kan daar nog ander weë en **middele** gevind word.

Sfeer by die huis

As dit gaan oor die verhouding van gesin en skool, van ouers en onderwysers, is nie slegs die *regstreekse* kontak tussen beide belangrik nie, maar ook die indirekte beïnvloeding van mekaar. Kom die sfeer by die huis die sfeer by die skool ten goede, en omgekeerd? Ek wil my hier beperk tot die invloed van die gesinslewe op die skoollewe.

In die eerste plek dink ek aan die mentaliteit wat ons beheers. Wat is vir ons as ouers belangrik? Watter prioriteit leer ons ons kinders? Weet kinders dat volpunte vir die Psalmvers wat hulle moet leer vir hul ouers normaal is? En dat ouers skrik as hulle kinders met 60% vir Bybelse geskiedenis en kerkgeskiedenis op hul rapport by die huis kom? Weet kinders dat hul ouers goeie punte vir hierdie soort vakke dubbel so belangrik ag as goeie punte vir wiskunde en taal?

'n Tweede saak wat vir my belangrik lyk, is of kinders ook leer om te *luister* by die huis. Die volke rondom Israel het omtrent almal 'n godsdiens gehad waarin alles gegaan het 'n skouspel. Daar moes iets *gesien* word. Maar die God van Israel was nie 'n God wat Hom laat sien het nie, maar Hom laat *hoor* het (Deut. 4)! Dit is nog altyd so. Die geloof is uit die gehoor. God kom met sy heil na ons toe in sy Woord. In die Christelike geloof is luister daarom 'n sentrale gedagte.

Om te luister het ook 'n diepere betekenis. In die verbond wat God met ons gesluit het, is Hy die Eerste. Hy het seggenskap oor ons lewe. Hy mag aanspraak maak op ons gehoorsaamheid. Ons lewe nie vir onself en ons eie genot nie, maar vir Hom en vir sy eer. Hiermee is die doel en betekenis van ons lewe saamgevat.

Om 'n gereformeerde skool te kan bly, is dit van kardinale belang dat die gesinne gereformeed is.

Maar om te luister is ook iets wat glad nie normaal is in hierdie tyd waarin ons leef nie. Vandag se mens stel nie meer so daarin belang om te *luister* nie. Hy wil sy sê kan sê. Almal moet na hóm luister! Gehoorsaamheid het iets baie verveligs geword in hierdie wêreld. Jy moet tog van die lewe kan geniet sonder om daardeur gerem te word?

Waar staan ons op hierdie punt met ons gesinne? Wat leer ons ons kinders? Onderwysers kan kla oor die feit dat kinders sleg luister. Dit word ook opgemerk in die katkisasieklas. Jy moet die vraag 'n paar keer in die klas herhaal omdat hulle dit eenvoudig net nie gehoor het nie! Of omdat hulle

Gehoorsaamheid beteken dat jy posisie kies.

Daarom roep gehoorsaamheid altyd 'n reaksie op in jou omgewing.

Soms positief, maar dikwels ook negatief.

- P Niemeijer

dink: ag, die dominee sal dit seker nog 'n keer herhaal. Dit het verseker te doen met ons televisie- en videokultuur. Die mense leer slegs om te kyk en laat hulle so vermaak. Luister, moeite doen en gehoorsaam wees is besig om totaal vreemde verskynsels te word. Hoe gaan dit by ons op hierdie punt? Leer ons ons kinders nog om te *luister*?

'n Derde punt waarop ons onself moet toets, is die gejaagdheid van die lewe. Ons besige en bruisende lewe het sy aantreklikheid, maar ook sy nadelige kante. Alles hardloop maar net aan en dit hou nooit op nie. Ons is almal ewe besig en gejaagd. Hoeveel rus is daar nog in ons gesinne? Is ons vrouens nog *moeders* in Israel? Of is hulle, wanneer die kinders by die huis is, eintlik te besig met allerhande sake en moet die kinders in die huishouding inspring, omdat ma dié ure wat seun en dogter by die skool is, permanent besig is met betaalde of vrywilligers-aktiwiteite? En as ma wel die hele dag by die huis is, waarmee vul sy haar dag? Is daar orde en reëlmaat in haar dagpatroon? Lees sy nog? Dan bedoel ek: word daar nog goeie lektuur geles? Dit het by sommige van ons al 'n bekende gesegde geword dat die belangrikste rede hoekom ons deel moet wees van 'n Bybelstudiegroep is, omdat ons anders nie by Skrifstudie uitkom nie. Dit verrai ons hartseer situasie. Want dit is ongelooflik belangrik dat moeders moet weet wat vandag aangaan. En as hulle hul grondig verdiep het in die moderne lewensgevoel en in die Woord van die HERE, dan het hulle regtig iets om aan hulle kinders oor te dra. Jy is benydenswaardig wanneer jy tyd het om aan hierdie soort sake aandag te gee. Rustigheid by die huis en goeie leiding van die ouers kom die kinders ten goede. Die skool kan slegs getuig daarvan! Onderwysers bemerk baie gou as daar rustigheid en orde tuis is.

Veral in die sake wat ek laaste genoem het, lê volgens my die geheim van die gereformeerde skool. Vir die band tussen die gesin en skool is die klasbesoeke van ouers of die saamles van die skoolkoerantjie nie beslissend nie. Die beslissende is die vraag of daar in ons gesinne die liefdevolle ontsag vir God, ons Vader, gevind word. Om 'n gereformeerde skool te kan bly, is dit van kardinale belang dat die *gesinne* gereformeerd is.

Ons kan baie tyd en energie steek in die vraag na

die presiese verhouding van ouers en onderwysers. Maar baie belangriker is of ons ons saam wil onderwerp aan die Skrif en gebonde voel aan die belydenis van die kerk. Baie belangriker as om presiese reëlings met mekaar te hê en bevoegdheid te bepaal, is die aandag wat ons saam gaan gee aan die onderwys van die Skrifte. Laat skoolverenigings, ouers en kerklike gemeentes hulleself maar vir hierdie saak voluit gee. Want die vrees van die Here bly tog maar die begin van die wysheid.

Israel teken vir 'n lewe met God

(Nehemia 10 (vanaf 9:38))

C van den Berg

Kort situasieskets

Jerusalem het nuwe mure. Binne-in kan die mense veilig woon en lewe met God. Maar daardie lewe met God moet aangeleer word. Daarvoor gaan God se boeke oop en kry leergierige Israeliete duidelike lesse.

Hul oë gaan oop vir wat verkeerd is en wat ontbreek, en hul harte word getref deur hartseer. Maar dit is éérs fees: die fees van God saam met sy volk. Eers as die fees saam met God klaar is, kom daar ruimte om die hartseer te uit en rou te bedrywe oor eie sondes. God word in lang en aangrypende gebede geprys vir Sy goedheid en trou. Hul eie sondes word bely en ook Israel se sondes van deur die eeue heen. 'n Volk smee om genade.

Na hierdie skuld-belydenis is beloftes van beterskap gepas: beloftes van nuwe gehoorsaamheid en trou. Hoofstuk 10 (Neh. 9:38 hoort eintlik ook by hoofstuk 10) handel hieroor.

'n Vaste verbond (9:38)

Daar volg 'n mooi en plegtige oomblik in Nehemia 10. Ons lees dat hulle 'n vaste verbond sluit. Duidelike beloftes klink op uit vele monde. Dit word ook bekragtig deur 'n eed. Daar klink (onvoorstelbaar!) selfs ook selfvervloekings. Dit alles word op die ou einde ook swart op wit neergeskryf. Seëlringe word tevoorskyn gehaal; handtekeninge word geplaas. Alles word vasgelê in 'n offisiële dokument.

Dit is die mees kenmerkende waaraan die sonde teen die Here sigbaar word: Dit begin met 'n beterweterige houding, en dit eindig in selfverlossing en selfvergoddeliking. - I de Wolff

So gaan dit in die nuwe Jerusalem, binne die nuwe mure wat onlangs deur Nehemia herbou is. Dit is weer 'n sterk stad van God waar jy veilig kan lewe. En uiteindelik gaan dit tog oor daardie lewe! Jy bou nie mure oor die mure self nie. Jy bou nie 'n huis vir die huis self nie, maar om heerlijk daarin te kan lewe. Saam voor God.

Nuwe gehoorsaamheid belowe (vers 29)

Aan die einde van Nehemia 9 staan: “*sluit ons 'n vaste verbond en beskryf dit...*”

Hulle verplig hulself, sê Nehemia 10:29: “*...om te wandel in die wet van God, wat deur die diens van Moses, die kneg van God, gegee is, en om te hou en te doen al die gebooi van die HERE onse Here, en sy verordeninge en sy insettinge.*”

Jy sluit nie sommer so 'n verbond nie. Daar is gewoonlik aanleiding daartoe. So moet ons hierdie geskiedenis dan ook lees in samehang met die vorige hoofstuk; met die skuldbelydenis vir wat Israel deur die eeue gedoen het. Die geskiedenis toon presies die teenoorgestelde van “*wandel in die wet van God*”. Hulle het keer op keer hul rug op die Here gedraai. Hulle het die verbond met Hom verbreek! Hulle het dit eerlik bely en gesmeek om vergewing.

Dan kan 'n mens tog nie dieselfde aangaan soos voorheen nie, maar dan moet dinge anders gaan. By jouself en ook saam as volk van die HERE. Hulle wil oornuut begin en die verbond met die HERE vernuwe. Van die HERE se kant af is daar nie vernuwing nodig nie. Hy het nie die verbond verbreek nie, maar juis gehou (9:32). Hy het altyd trou gebly, maar nie die Israeliete nie.

Leiers handel namens die volk (vers 1-27)

Hulle wil nou opreg oornuut begin. Hulle wil dit ook tot uitdrukking bring. Baie plegtig en offisiël, met die nodige mense teenwoordig. Meer as tagtig persone word genoem aan die begin van Nehemia 10. Dit is alles name van vooraanstaande mense, van leiers.

- Hoofde van priestergeslagte;
- Hoofde van die Leviete
- Hoofde van die res van die volk.

Hierdie hoofde tree op namens al die ander. Die verteenwoordigers van die volk staan daar. Name

van mense wat in daardie tyd daar geleef het – dit het dus regtig gebeur, dié een was daar en daardie een ook.

Hulle kies openlik vir God en belowe om Hom te dien volgens sy Woord. Hulle neem self die inisiatief en doen dit alles vrywilliglik.

Geen slawedrywer sweep hulle op nie. Dit is regtig hulle eie keuse. Hulle is oortuig daarvan dat dit wat die HERE sê, goed is. Hulle het wys geword deur al die Bybellese van die afgelope tyd. Hulle het ook wys geword deur alles wat God gedoen het in die verlede.

Selfvervloeking (vers 29)

Hulle is baie oortuig van dit wat hulle doen. Jy kan dit opmerk aan die ernstige taal wat hulle laat hoor. Daar klink selfvervloeking, en hulle lê 'n eed af. Dit gaan tot die uiterste. Dink met name aan die selfvervloeking. Ons kan nog 'n eed aflê. Sommige mense word soms daarvoor geplaas om dit te moet doen. Maar 'n selfvervloeking ... wie het al ooit so-iets uitgespreek?

Ja, in ons samelewing hoor ons nog gereeld hoe vloeke uitgespreek word. Dink maar aan “Damn it”. En dikwels word God se naam ook nog aan hierdie vloeke verbind. Maar hulle verwag nie dat iets sal gebeur nie. Of jy nou vervloek of nie, dit maak tog geen verskil nie. God doen tog niks nie. God stel niks voor nie. So funksioneer 'n vloek in ons samelewing.

In Nehemia 10 is daar iets anders wat speel. Daar klink ook vloeke op. Selfvervloeking. Soos: “God verdoem my”. Maar daar gebeur dit baie bewustelik. Die mense is diep getref deur dit wat hulle sê. Hulle is oortuig dat God kan doen wat Hy sê. Bewustelik, uit oortuiging en in geloof vloek hulle!

Jy doen tog nie so-iets nie? Wie vervloek homself nou heel bewustelik en weloorwoë? Jy handel tog nie so met jouself nie? Wie gooi immers homself heeltemal weg? En so dat jy deur God se vloek getref word? Dit stuit teen die bors. Sommiges sal dit dan ook sien as mens-onterend.

Vreemd! Wanneer daar onbewustelik gevloek word, dan ontstel baie mense hulle glad nie daarvoor nie. Maar om bewustelik te vloek, dit moet jy tog net nie

Om as kerk oor jou eie identiteit te twyfel,
kom gewoonlik uit geheueverlies (oor jou verlede) voort

- ALA Buys

doen nie! Dit is nie gepas nie. En tog, die eerste is lelik, dit is sonde. Die tweede nie. Dit wat Nehemia 10 vertel is aangrypend, maar mooi!

Vloeke in die Bybel

Bewustelik vloek in geloof kom ons meerdere kere teë in die Bybel. Ek dink aan Deuteronomium 27, as Israel die land Kanaän binnegaan. Dan moet die een helfte van Israel op die berg Gerisim gaan staan en die ander helfte op die berg Ebal. Dan hoor jy die een na die ander vloek opklink: “Vervloek is die man wat ‘n gesnede of gegote beeld maak (Deut. 27:15).”

En by elke vervloeking klink dit soos een massakoor uit duisende monde: Amen. Dit is so: vervloek is hy of sy.

‘n Mens sê nie net sommer sulke dinge nie. Daarvoor is dit heeltemal te gewigtig en te heilig. Tog kom jy hulle teë in die Skrif. Mense word daarvan deurdring wie God is en leer hulself sien in Sy lig. Mense begin sien dat jy nie met God kan spot nie en dat ‘n lewe sonder hom waardeloos is. In God se wêreld is daar ruimte vir God en vir die lewe met God, maar nie vir iets anders nie. Vir niemand en niks nie. Weg daarmee.

Vervloek is die man voor die aangesig van die HERE wat sal opstaan om hierdie stad Jérigo op te bou (Josua 6:26). Josua het dit gesê na die val van Jérigo by die intog in die beloofde land. Die lewe van die man en sy gesin word afgebreek en met die grond gelyk gemaak. Hou jou hande af van God se werk en Sy merk.

Op dieselfde manier ‘n self-vervloeking: weg met myself en my hele lewe as ek die HERE loslaat! Dan is daar nie meer plek vir my in die wêreld van God nie.

Beloftes lê jy voor God af!

In hoeverre is ons deurdronge van die erns van wat ons belowe? Belowe voor God! Dan dink ek spesifiek aan die belofte om die HERE te dien. Want dit gaan oor hierdie belofte in Nehemia 10:29: “Om te wandel in die wet van God (...) en om te hou en te doen al die gebooie van die HERE onse Here, en sy verordeninge en sy insettinge.”

Hoe weeg u u beloftes? Weeg hulle swaar vir u? So swaar dat u ook bereid is om so ‘n vervloeking uit te spreek? Dit is iets om oor na te dink, denkend aan die beloftes wat u self afgelê het. Ek dink byvoorbeeld aan die belofte by ‘n openbare geloofsbelydenis: *Verklaar u, dat u van harte begeer om die verbondsgemeenskap met God te onderhou, Hom van harte lief te hê en in gehoorsaamheid aan sy Woord te dien, van die wêreld en sy begeerlikhede af te sien, u lewe en saligheid buite uself in Christus te soek, en so hierdie belydenis van u met ‘n godvresende lewe te bevestig?* (Formulier vir belydenisaflegging)

Dit gaan nie vir my daaroor om iemand weg te hou van ‘n belofte nie, maar om te help om eerlik daarmee om te gaan. Dit wat ons sê, moet ons goed weeg, deurdronge van die aanwesigheid van God in ons lewe. Ons moet besef dat ons slegs daar is omdat Hy dit so wil hê. Ons moet onself afvra hoekom Hy wil hê dat ons lewe. Anders mis ons lewe sy doel, hoe besig u ook al is en hoe lekker u die lewe ook al vind.

Wie is sonder sonde?

Wat moet ons nou kyk na so ‘n selfvervloeking, juis in die lig daarvan dat ons swak, gebrekkig en sondig is? Ons val so vinnig en word so meegesleur deur ons slegte begeertes.

Eerstens: dit gaan oor “wandel volgens die wet van God” in vers 29. Die woord “wandel” bring ons lewe in beeld as ‘n daaglikse verloop. Dit gaan dus oor die voortgaande lyn in ons lewe.

In sonde val, gebeur met ons almal. Maar in sonde lewe, dit gaan baie verder. Dan staan jy nie op as jy val nie. Jy veg nie daarteen nie, maar jy hou vas aan die sonde en gaan net daarmee voort. Laasgenoemde val onder hierdie vloek.

Hier moet ons nog iets byvoeg. Daar is sprake van ‘n verbondsvernuwing. Daarmee word bedoel: die verbond waarby die wet van God aan Moses weer sy plek kry. Dus die verbond wat God met Israel gesluit het op die berg Sinaï.

Ons weet van ‘n nuwe verbond daarna. Van ‘n verbond in die bloed van Christus. Gebasseer op sy offer aan die kruis. As jy oor die kruis lees in die Bybel, gaan dit oor die vloek:

‘n Christelike organisasie
is iets totaal anders as
‘n organisasie vol christene

- K Schilder

Waarom is Jesus gekruisig en het Hy nie op 'n ander manier gesterf nie? Omdat die kruisdood deur God vervloek is (vraag en antwoord 39 van die Heidelbergse Kategismus).

Ek kan die vloek ten volle verdien, maar deur die geloof mag ek sê: Christus het die vloek vir my gedra. 'n Mens kan heeltemal probeer wegbly van selfvervloekings, en met 'n groot draai daaromheen loop. Maar dit kom lewensgroot op jou af as jy na die kruis van Christus kyk. Hy is deur God vervloek in ons plek. Hy het die vloek wat op ons gelê het, op Hom geneem om ons met Sy seën te vul.

Beloftes vir die lewe van elke dag (vers 30-31)

Beloftes word gemaak om met God te wandel en om met Hom en v^{ir} Hom te lewe. En daardie lewe is die konkrete lewe van elke dag. Daar word in Nehemia 10 allerhande dinge genoem.

Vers 30 gaan oor *gemengde huwelike*. 'n Kind van God trou met iemand wat nie 'n gelowige is nie. Nie so 'n huwelik nie! Ons belowe dit. Baie prakties en belangrik. Vir 'n hele lewe. Die huwelik is 'n gawe van God. Om dit saam v^{ir} Hom te lewe. 'n Gelowige en 'n ongelowige saam as één span (onder een juk) werk nie. Die een wil hierdie kant toe en die ander een juis nie.

Vers 31 gaan oor besigheid doen *op die sabbat*. Koop en verkoop op die rusdag. Die Israeliete was eers slawe in Egipte. Toe het hul geen rusdag geken nie. Nie één nie. Hulle was slawe van hulle werk. En watter werk was dit nie! Maar God het hulle bevry. Heerlik vry. Vir Hom, vir mekaar. Maar vry mense kan weer slaaf word van iets. Vry mense kan weer slawe word van Mammon. Dit begin dan die bo-ton voor en God kom eers daarna. Weereens baie prakties en belangrik. Vir elke week.

Vers 31 gaan oor *die sabbatsjaar* (lees bv Lev. 25). Die landbougrond moet braak lê. Wat nog opkom, is bestem vir die armes. Jy lewe nie alleen in Kanaän, die land van God nie. Jy leef tesame, as God se gesin. Jy leer om te deel. Nie ek 'n bietjie meer as hy nie, maar hy net soveel as ek: jou naaste liefhê soos jouself en nie minder nie! God

leer ons om die lewe te deel. Want so is Hy self. Selfs die ewige lewe wil Hy met u deel. Daarvoor was Hy bereid om alles te gee. Selfs Sy enige, liefling Seun.

Belofte vir die tempeldiens (vers 32-39)

Die tempeldiens kom vanaf vers 32 in beeld: *die diens van die huis van onse God*.

Die *tempelbelasting* word eerste genoem. 'n Derde van 'n sikkkel per man per jaar. 'n Vaste en vrywillige bydrae. Ons belowe dit. Ook hierin gaan ons eerlik moet omgaan voor die Here. Dit word heel spesifiek genoem in Nehemia 10. Jy kry ook jou finansiële moontlikhede van God. Verderaan, in vers 37, word die *tiende* ook nog genoem. Die tiende deel van wat jou akker oplewer: bestem vir die Leviete. Dit is nie niks nie!

Ek weet dat God dit so gereël het vir die tyd van die Ou Testament. Met Israel rondom die tempel as die sentrum van die hele wêreld. Met elkeen wat daar werk en alles wat gedoen moes word. Nie slegs daar nie, maar ook in alle stede waar Leviete woon en werk.

Maar dit is ook in God se boek vir ons bewaar vir vandag. Dit leer jou om jou lewe hierin goed te ondersoek. Baie dinge vanaf vers 32 het betrekking op die huis van God. Daarby kan ons dink aan Sy gemeente vandag. Die kerk naby en wêreldwyd. Ons kan dink aan die diens van die versoening. Vroeër het dit gebeur in die vorm van offers. Vandag deur die boodskap van die heil.

Indertyd moes daarvoor hout aangedra word. Houtlewering word dan ook genoem (vers 34). Daar moet eerste aan die diens aan God gedink word: *eersteling* van die oes word genoem (vers 35). God is immers die eienaar van jou land en van jou hele oes. Deur die eersteling wys jy dat alles God s'n is en dit Hom toekom.

Eersgeborene van mens en dier kom ook ter sprake (vers 36). Ons kan hierby dink aan die laaste nag in Egipte, as die dood orals in die huise kom en alle eersgeborenes getref word. Behalwe daar waar die mense agter bloed geskuil het. Daar word die eersgeborenes gespaar. Deur God en vir God. Dit gee ons 'n helder sig op ons gesin en ons kinders.

Die wonder as God met sy verbondstraf en wraak kom,
is dat daar altyd ook weer 'n pad oopgebreek word
na 'n beter toekoms

- I de Wolff

Van God ontvang; deur Hom gered.

Oud en jong neem deel (vers 28)

Baie dinge en mense nodig by die huis van God. Vers 39 sê: *want ons wou die huis van onse God nie laat verwaarloos nie*. Die huis moet bly. Vir meer as één generasie. Vir eeu na eeu.

Sommige dinge word baie konkreet by die naam genoem. Ek dink ook byvoorbeeld aan al die gebooië. En by dit alles klink die plegtige belofte. Nie slegs van die leiers nie. Want die hele volk (vers 28) sluit hulle daarby aan. Manne en vroue! Ook die seuns en meisies wat “enigsins kon verstaan”. So ongeveer vanaf twaalf of dertien jaar. Hulle belowe dit ook, al is hulle nog jonk!

Wat laasgenoemde betref, dink ek aan die vraag oor die ouderdom waarop seuns en meisies belydenis moet doen. Ons lees hier verrassende, mooi dinge. Indrukwekkend. Mense verbind hulle aan die HERE, aan sy Woord en diens. En hulle sê:

- vervloek is ek as ek trou met 'n ongelowige;
- vervloek is ek as en nie trou na God se gemeente kom nie;
- vervloek is ek as ek my broeder en suster nie laat deel in wat ek kry nie;
- vervloek is ek as ek God se huis *aan sy lot oorlaat*.

Dit is dinge om oor na te dink. En meer as dit. Ook om vir God te bid vir sy genade en die krag van sy Heilige Gees. Om dit deur sy krag bewustelik en van harte te belowe. Jouself en jou hele lewe aan Hom te belowe.

Egte gehoorsaamheid aan die HERE is ondenkbaar
sonder die lewende band van geloof aan Hom

- P Niemeijer